

“Progress always involves risks. You cannot run for second base and keep your foot on first.” Frederick Wilcox

SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF) WORD OP VRYDAG, 28 OKTOBER GEHOU

Die finale CMF vir 2022 sal (virtueel) op 28 Oktober om 10h00 gehou word. Die CMF sal 'n geleentheid bied om oor die 2022-seisoen te reflekteer, terwyl daar vir 2023 beplan word. Die skakel na die geleentheid sal aan CMF-lede gestuur word. Kontak asseblief vir Portia Magwaza portia@cga.co.za vir die agenda en die skakel.

Globale Sitruskongres

Die Wêreld Sitrus Organisasie (WCO) en Fruitnet gaan weer die Wêreld Sitruskongres as 'n virtuele geleentheid in 2022 aanbied. Die Kongres word op 30 November van 13h00 tot 16h00 (CET) gehou. Besonderhede oor die program sal volg. Alhoewel ons graag 'n in-persoon geleentheid sou wou hê, laat tyd dit eenvoudig nie toe nie. Ons is besig om die 2023-geleentheid te beplan wat in-persoon sal wees – besonderhede volg na die 2022-geleentheid. Kontak asseblief vir Fruitnet vir borgskappeleenthede.

CGA SITRUS SUMMIT

En terwyl die dagboeke uit is, let asseblief op die datums vir die CGA Citrus Summit. Hierdie geleentheid sal met 'n verwelkomingsfunksie op Dinsdag 14 Maart 2023 afskop, 'n volle dag van aanbiedings en Gala-dinee op Woensdag 15 Maart 2023, gevolg deur 'n halwe dag van aanbiedings op Donderdag 16 Maart 2023. 'n Voor Summit toer word vir Maandag 13 tot Dinsdag 14 Maart 2023 gereël. Daar is borgskappeleenthede – vir 'n kopie van die Borgskapprospektus, kontak asseblief vir tanya@cga.co.za

Staking by Transnet

Ons het 'n berig ontvang dat die South African Transport and Allied Workers Union (Satawu) en United National Transport Union (Untu) 'n kennisgewing uitgereik het van beskermdes stakingsaksies regoor Transnet wat alle afdelings raak. Dit ná mislukte loononderhandelinge wat weke lank in die proses van onderhandeling was. Soos dit nou staan, het Untu met stakingsaksies op Donderdag 6 Oktober begin, en in hierdie stadium Satawu op Maandag 10 Oktober. Transnet sal op Vrydag 7 Oktober met Satawu vergader om 'n nuwe loonaanbod te skeduleer, en het ook 'n dringende interdik teen Untu ingedien om op Vrydag 7 Oktober aangehoor te word. Onderhewig daaraan dat die aanbod aanvaar word, sal Satawu voortgaan met staking soos beplan, sou die nuwe aanbod verwerp word. Transnet het sedertdien 'n kennisgewing van Force Majeure teen die staking uitgereik. Die CGA sal voortgaan om by die daaglikse Transnet-hawebedryfsvergaderings aan te sluit en sal gereelde opdaterings verskaf soos en wanneer ons meer weet. Jy kan Mitchell Brooke, mitchell@cga.co.za of sel: 0828929455 kontak vir enige direkte terugvoer, indien nodig.

GEPAK EN VERSKEEP

Einde van week 39 Miljoen 15 Kg Kartonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Aanvankilke Skatting	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak
BRON: PPECB/AGRIHUB	2020	2021	2022	2021	2022	2022	2022	2021
Pomelo's PP (17kg)		2.7 m	2.6 m	2.3 m	2.0 m			
Pomelo's Klas1&2 (17kg)		12.8 m	12.1 m	12.8 m	11.1 m			
Pomelo's	16.0 m	17.5 m	16.7 m	17.2 m	14.9 m	16.8 m	16.8 m	17.5 m
Mandaryne	23.6 m	30.8 m	31.6 m	28.6 m	31.3 m	34.5 m	33.8 m	30.9 m
Suurlemoene	28.3 m	30.8 m	34.6 m	29.0 m	33.5 m	32.3 m	34.7 m	31.0 m
Nawels	26.0 m	27.1 m	27.6 m	27.0 m	26.9 m	28.7 m	27.7 m	27.2 m
Valencias	47.8 m	53.5 m	52.6 m	45.1 m	48.2 m	58.2 m	53.8 m	55.0 m
Totaal	141.7 m	159.7 m	163.1 m	146.9 m	154.8 m	170.5 m	166.8 m	161.6 m